MAART / APRIL 2017

"Roep My aan en Ek sal jou antwoord" (Jer. 33:3)

JAPANSENDING

Geroep om te Dien

# HERSTEL VAN 'N HART

"My dierbare man, ons kan onmoontlik die verantwoordelikheid neem om 'n naam vir ons babadogtertjie te gee. Ons moet haar na die priester neem sodat hy die gode kan raadpleeg," het mev. Hasegawa gesê. "Haar hele lewe gaan geaffekteer word deur haar naam."

Mnr. Hasegawa het gemor oor die koste en gewonder of dit werklik die moeite werd is. Na die seremonie is 'n ruim bedrag aan die Sjintopriester betaal. Hy het toe die naam ***Kiyoko*** gegee, wat 'vreugdekind' vir hulle eersgeborene beteken het, en 'n vol en gelukkige lewe sou verseker.

Sy is in April 1937 in Kobe gebore. Kort na die geboorte het hulle ontdek dat Kiyoko met 'n hartdefek gebore is en het die dokters voorspel dat sy nie veel langer as 7 jaar sou lewe nie. Die gesin was verpletter en het Kiyoko soveel moontlik oorlaai met liefde en sorg. Soos die tyd verbygegaan het, was beide die priester en die dokter verbaas om te sien hoe Kyoko al hoe ouer word.

"Ek het met my gesondheid gesukkel en het baie van my kinderdae in die hospitaal deurgebring. Ek het dikwels swak gevoel en kon nie buitekant speel soos die ander kinders nie", het sy gedeel.



*Kiyoko & Hiroyuki Kodama*

"Die priester wat ek geraadpleeg het, het vir my gesê dat my gesondheidsprobleme nie verhelp kan word nie. Hy het gesê dat dit my noodlot is en dat ek die beste daarvan moet maak. Dit het net bygedra tot my frustrasie en verwarring. Ek het deelgeneem aan heilige rituele en godsdienstige byeenkomste en kampe bygewoon met die doel om meriete te verdien by die gode en gehoop om op een of ander manier van my lot verlos te word.

Terwyl ek op 16-jarige ouderdom oor my probleme gepeins het, het ek die getrommel van 'n trom naby my huis gehoor. Ek het gedink dit was heel waarskynlik die dorp se priester, wat die dansoefening vir die Fees van die Dood aankondig. Ek was nuuskierig, dus het ek gaan ondersoek instel en 'n groot tent gesien en 'n trom wat blykbaar bedoel was om die aandag te trek. Christelike byeenkomste sou die volgende week daar gehou word.

Ek het die tentbyeenkomste bygewoon uit pure nuuskierigheid, sonder om te weet waaroor dit regtig gaan. Die eerste ding wat ek geleer het, was dat God wat die hemel en die aarde geskep het, my liefhet. Die spreker het so reg na my hart gepraat toe hy verduidelik het dat God my nie voorbestem het vir 'n toekoms sonder hoop nie. Hierdie God het gekom om my te red deur sy Seun te stuur om my Redder te wees! Teen die derde aand het ek besluit om Jesus te volg en het Hom as my persoonlike Verlosser aangeneem."

Kiyoko het nie gedink dat haar ouers teen haar besluit sou wees nie. Vir drie geslagte was die Hasegawafamilie standvastige volgelinge van Tenrikyo ('Heaven and Earth Religion'). Hulle was verontwaardig oor haar besluit, maar sy het haar nie laat afskrik van haar geloof nie.

In Christenskap het Kiyoko uiteindelik die antwoord op die vraag gekry wat haar al so lank gepla het: ***Om watter rede lewe ek in hierdie swak en siek liggaam?*** Uiteindelik het sy geweet dat lewe betekenis het. Sy het doelgerig begin lewe, terwyl haar hart vol vreugde was. "Toe ek die kerk begin bywoon het, het ek 'n diep behoefte ontwikkel om mense te help wat nie hoop gehad het nie, net soos dit met my die geval was."

Kiyoko het van krag tot krag gegaan en gedurende haar eerste jaar as 'n Christen het die dokter vir haar gesê dat haar hart heeltemal herstel het.

Sy het as 'n assistent by 'n oogspesialis begin werk en later by 'n Christelike hospitaal as 'n pediatriese assistent gewerk. "Terwyl ek mense gehelp het met hulle fisiese ongesteldhede, het ek gebid vir hulle redding, terwyl ek geluister het na hulle kommervolle hartsake," het sy gedeel.

"Ek het duidelik die Here se roeping gehoor om my lewe toe te wy aan hulle wat bekommerd is en hulle te help om redding te vind deur Jesus Christus. Derhalwe het ek by Japansending (JS) aangesluit in Januarie 1959." Kort daarna het Kiyoko die Kansai Bybelkollege bygewoon en in 1961 gegradueer.

Die Here het haar vir die volgende agt jaar gebruik om baie vir Christus te bereik, alhoewel sy met baie persoonlike probleme geworstel het. " 'n Paar jaar nadat ek gegradueer het by die Bybelkollege is ek gehospitaliseer vir twee jaar met infeksie van die rugmurg. Dit het ook my sentrale senuweestelsel geaffekteer. Dit het my ses jaar geneem om ten volle te herstel van hierdie siekte. Die dokters het vir my by verskeie geleenthede gesê dat ek moontlik nie sal herstel nie, maar die hoop wat ek in die Here Jesus gehad het, het my aan die gang gehou gedurende hierdie donker dae.

"Die Here het my deur my siekte 'n paar waardevolle lesse geleer. Ek het gesien hoe Hy my gebruik om die lewens van baie pasiënte te laat verander, omdat hulle die redding wat die Redder hulle gebied het, aanvaar het. Ek het my lewe daaraan toegewy om die vriend van die sukkelendes en hopeloses te wees. Ek het besef dat ek geen krag in myself het nie, maar die Here het my die krag gegee om te dien. Party pasiënte was op hul laaste, maar hulle gesigte het gestraal omdat hulle hulle geloof in Christus geplaas het. Hulle bed van hartseer het 'n plek van verlossing en goddelike hoop geword."

Hiroyuki Kodama het in 1968 gegradueer by Kansai Bybelkollege. Hy was 'n belowende jong hospitaalevangelis wat betrokke was by die werk van JS. Terwyl hy by die Bybelkollege was, het hy dikwels JS se gebedsbyeenkomste bygewoon. Dit is waar Kiyoko hom ontmoet het en hulle in mekaar begin belangstel het.

Hulle is getroud op 28 April 1968 en het gaan bly in suidelike Osaka waar JS 'n nuwe evangelistiese sentrum geopen het. Saam het hulle daar die Here met baie vreugde gedien.

'n Dogter is in die lente van 1969 uit die huwelik gebore. Hulle het dikwels die traktaatjie ***Yorokobi no Izumi*** (Fontein van Vreugde) versprei, terwyl hulle evangelisasie gedoen het, dus het hulle besluit om hulle dogter die naam ***Izumi*** te gee wat 'Fontein' beteken. Die Here het hulle daarna geseën met nog twee kinders.

"Sedert ons gered en getroud is, het die Here wonderlike werk in die lewens van beide ons uitgebreide families gedoen. Ons harte is gevul met vreugde, terwyl ons sien hoe die een na die ander die Here leer ken het." Kiyoko se ma en broer was die eerste wat gered is. Haar pa, wat 'n toegewyde Tenrikyo-aanbidder was, het die Here op 80-jarige ouderdom as Redder aangeneem, slegs 50 dae voor hy oorlede is.

**Verteenwoordigers in Japan: DAWID & SUE VERWEY**

**7-40 MONZEN CHO**
**IKOMA CITY, NARA KEN**
**630-0266, JAPAN**
**Tel: 0081-743731754**
**Faks: 0081-743731681**
**www.japanmission.org**

**POSBUS 30106**
**WONDERBOOMPOORT 0033**
**Tel: (012)377-1533**
**083 719 0227**
**Faks: (012)377-1533**
**sa@japanmission.org**

**www.facebook.com/japanmission.jm/**

**Indien u rapporte en gebedsversoeke vanaf Japan per E-pos wil ontvang, kontak asb jm@japanmission.org**

## DIE SENDING SE UITREIKINGS - "BID VIR ONS"

- Bybels en Leesstof
- Studente Uitreiking
- Bediening in Tronke
- Engelse Evangelisasie
- Oudiovisuele Uitreiking
- Hospitaal Evangelisasie
- Bejaardes Uitreiking
- Evangelisasie Byeenkomste

***ONS OPREGTE DANK EN WAARDERING*** **teenoor vriende wat bankinbetalings gedoen en ons laat weet het, en veral ook vir inbetalings wat ons nie kon erken nie. Ons trag om alle donasies persoonlik te erken, maar ongelukkig verskyn daar dikwels nie voldoende inligting op die bankstate nie.**

■ **Sal u asb so goed wees om ons te laat weet as u nie 'n erkenning ontvang het nie en ook as u van adres verander.**

**Dit sal 'n groot hulp wees indien die donateur se NAAM en TELEFOONNOMMER duidelik op die Bank Deposito-strokie of Debietorder of Internet oorbetaling verskyn.**

■ **Met opregte waardering erken ons die volgende bankinbetalings waarvoor daar ongelukkig nie voldoende inligting op die bankstate verskyn nie:**

**STANDARD BANK:- 3/1/2017, 4/1, 16/1, 20/1, 21/1, 31/1,1/2, 2/2, 7/2, 16/2, 20/2, 21/2.**

**ABSA BANK:- 1/1, 2/1 NLM, 3/1, 6/1 Bela-Bela, 6/1, 8/1, 11/1, 13/1, 16/1, 18/1, 26/1, 28/1 Bybels, 30/1 Horison, 30/1 Brackenfell, 30/1, 1/2, 1/2 Mooirivier, 1/2 NLM, 8/2, 14/2, 16/2, 18/2, 20/2, 21/2/2017.**

■ **Tjeks kan aan JAPANSENDING betaalbaar gemaak en gekruis word. Dit is egter nie veilig om banknote per pos te stuur nie. 'n Deposito kan direk in die Sending se bankrekening gemaak word by enige tak van STANDARD BANK of ABSA BANK of 'n debietorder kan gebruik word.**

**Nogmaals BAIE DANKIE, liewe vriende. Mag die Here u seën.**

---

**Naam van Rekening: JAPANSENDING**
**STANDARD BANK, Rek No 010 333 126, Tak No 014-845**
**ABSA BANK, Rek No 090 161 334, Tak No 334-645**

***JAPANSENDING, POSBUS 30106, WONDERBOOMPOORT 0033***
***Tel/Faks (012)377-1533 E-pos: sa@japanmission.org***

***(Art 21) Reg No 2006 /019264 /08***

"Ons het baie swaarkry deurgemaak in ons lewe en was voorheen selfgesentreerd en gefokus op ons eie sukses, maar ons lewens is nou toegewy daaraan om hoop aan die hopeloses te gee. Die Here het ons harte verander en ons geroep om die mense in nood te help en die blye evangelieboodskap met hulle te deel."

Hiroyuki is nou 79 jaar oud en gaan voort om evangelisasiewerk te doen, terwyl hy steeds elke maand as 'n skrywer bydraes lewer vir die traktaatjie, ***Fontein van Vreugde***. Op die ouderdom van 80 is Kiyoko betrokke by die versorging van die bejaardes. Sy het hierdie wonderlike manier gevind om God se liefde te deel en hoop aan die hopeloses te bied.

***Bid*** dat die Here die Kodamagesin sal versterk en lei, terwyl hulle getrou die Here dien tot die einde toe.

# *JAPANORAMA -*
## *HEMEL-EN-AARDEGODSDIENS*

Tenrikyo (Hemel-en-aardegodsdiens) is begin in 1838 deur 'n vrou, genaamd Miki Nakayama, en het ongeveer twee miljoen volgelinge. Hulle leer dat die weg van redding is om 'n vreugdevolle lewe te lei, en dit sal blyk uit jou aksies soos barmhartigheidsdiens en onthouding van hebsug, selfsugtigheid, haat en woede. Baie ywerige volgelinge kan gesien word in dele van Japan geklee in swart en wit fleurige jasse ('***happy coats***'), terwyl hulle die strate vee en publieke toilette skoonmaak.

Hulle glo in een god wat alle mense as gelykes geskape het. Sedert Miki Nakayama in 1887 gesterf het, het hulle gewag vir haar terugkeer. Hulle sê die enigste ding wat die Christendom het wat hulle nie het nie, is die opstanding. Elke dag volg die priesters in Tenristad 'n ritueel van gebed en die voorbereiding van kos asook 'n bad vir haar, terwyl hulle wag vir haar terugkeer.

***Bid*** vir die verlossing van hulle wat mislei word deur te glo in godsdienste wat valse hoop gee en redding verkondig deur werke.

***Bid*** dat die oë van menige sal oopgaan en dat hulle sal reageer op die kragtige lewegewende boodskap van redding deur genade en die werk van ons Here Jesus Christus.

# *GEESTELIKE GROEIENDE SENTRA VAN HOOP*

Die motto van Japansending (JS) is ***Geroep om te Dien***. Ons begeerte is om die Japannese mense te dien op watter manier die Here ons ook al lei, ***sodat sommige gered mag word***. Die twee hoofdoelwitte van ons bediening is steeds om die ongereddes te evangeliseer en die Bybelonderrig by kerke in Japan te ondersteun.

Japan het 'n groot behoefte daaraan dat ***meer kerke geestelik groeiende sentra van hoop*** sal wees, wat ook in die behoeftes van die mense in hulle gemeentes sal voorsien. Die Here het ons gelei om te help met die ontwikkeling van sulke ***sentra van hoop*** deur die kleiner kerke te bemoedig – op hierdie manier word die Christelike gemeentes as 'n geheel versterk.

Die meeste van die 7 800 kerke in Japan se bywoningsyfer is minder as 30 mense en hulle sukkel om te oorleef. Hierdie kerke word omring deur mense met 'n behoefte aan raadgewing, sosiale ondersteuning, gehaltekindersorg, versorging van die bejaardes en effektiewe onderwys. JS werkers en -hulpmiddele bemagtig baie kerke om in hierdie behoeftes te voorsien en 'n verhouding met mense te vestig – en hulle so te help om mense in hulle gemeenskappe te bereik vir Christus:

1. **LITERATUUR** - JS publiseer 'n **maandelikse evangeliese traktaatjie**, wat kerke help om hulle gemeenskappe te evangeliseer. Ons bly ook betrokke by die voorsiening van duisende **Bybels** in verskeie tale dwarsdeur Japan, Sjina en ander dele van die wêreld.

2. **EVANGELIESE PROGRAMME** - Sendelinge / Onderwysers **onderrig Engels** en deel die evangelie in baie kerke. JS werkers is ook betrokke by kampe, kook- en koorklasse en dienste vir kinders en bejaardes – terwyl hulle die evangelie deel.

3. **MEDIA EN OUDIOVISUELE MEDIA** - JS ondersteun kerke met **videoproduksie**, **reklame** en die **ontwikkeling van 'n webtuiste**. Evangeliese en Christelike **opvoedkundige video's**, **oudiobybels** en **DVD's met boodskappe** op word ook beskikbaar gestel. Ons bly betrokke by die maak van betekenisvolle bydraes vir **Christelike TV en radio** en sodoende bring die evangelie 'n impak op die lewe van miljoene Japannese.

4. **HULPMIDDELS EN ONDERWYS** - JS voorsien **konsultasie-** en **opleidingseminare** wat spesifieke behoeftes aanspreek. Onderwysers, spesiale sprekers, literatuur en onderwysmateriaal word ook voorsien.

***Bid*** vir wysheid en leiding, terwyl ons hulpmiddele ontwikkel om kerke te help om ***geestelik groeiende sentra van hoop*** te word, wat met mense in hulle gemeenskappe kan verbind en op hulle 'n impak kan maak vir Christus.

# *GEBEDSVERSOEK*

■ Dawid en Sue Verwey beplan 'n besoek aan die Weskus van Kanada en die VSA om Japansending se kontakte en kerke te besoek gedurende April en Mei 2017. ***Bid*** vir beskerming en dat die Here hulle die vermoë sal gee om die visie van die werk effektief oor te dra.